

## Sondag 2 Augustus

**Skrifgedeelte: Spreuke 1:8-9 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Spreuke 1:8, 9**

### Slim en mooi

Omdat dit in Spreuke gaan oor verhoudinge en die regte beleving en uitleef daarin, tref die persoonlike aanslag ons dadelik. Spreuke gaan oor meer as inligting, reëls en voorskrifte. Dit gaan oor 'n leefwyse wat op verhoudinge gebou is.

Een van die nouste samelewingsverbande bestaan tussen ouers en kinders. Van vroeg af moet die wysheid waaroor Salomo skryf, by kinders inslag vind. Die vennootskap tussen ouers en kinders bly die kern vir 'n gesonde sameleving. Iets van die verbondsverantwoordelikheid wat ouers by die doop opneem, word hier beklemtoon. Vader en moeder word hierby ingespan.

Met twee werkwoorde verduidelik Salomo hoe die kennis oorgedra word:

- *Luister* – Dit vra 'n bepaalde gesindheid. Dit beskryf 'n soort houding. Dit vra hoopvolle afwagting. Dit openbaar onderdanigheid. Dit eis al my aandag op.
- *Leer* – Hier word beklemtoon dat daar inspanning en opoffering sal wees. Die opdrag herinner aan 'n oefenprogram. Daaglik moet ek die voorskrifte nakom. Dit word 'n leefwyse.

Dit word 'n saak van lewe en dood. Dit stel hoë eise. Dit gaan oor God se eer. Moenie dit verontagsaam nie. Want daar volg 'n beloning. In 2 Kronieke 1:11-12 het Salomo wysheid gekies en daarby rykdom ontvang.

'n *Krans* en 'n *kettinkie* was simbole van rykdom en het aangedui dat die draer tot 'n adelstand hoort. Die dra van juwele het waarde toegevoeg en skoonheid beklemtoon.

Christus het aan die *kruis* gesterf sodat ons die grootste beloning ooit kon ontvang. Op grond hiervan gaan ons verder luister en leer wat Spreuke verkondig.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)*